27 September 2026

Eerste diens

Sing: Ps. 145:1,2,10; Ps. 145:12; Ps. 25:2,4; Skr. 15:1,2,3; Ps. 105:5; Ps. 128:1,4

Lees: Mar. 10:13-16

Teks: Mar. 10:14

Tema: Ons kinders is burgers van God se koninkryk, daarom bring ons hulle voor ons koning

Die verhindering tot die koninkryk

Christus is in die laaste keer wat Hy na Jerusalem gaan besig om die heerlikheid van die koninkryk van die heel te verkondig. In hierdie tyd kom van die mense met hulle kindertjies sodat Jesus hulle kan seën Hierdie kinders is ook deel van die Here se koninkryk en daarom moet hulle die hande op gelê word. Die dissipels wil egter die ouers keer om hulle kinders te bring. Vir hulle is kinders nie belangrik in die koninkryk van die Here nie. Dikwels rig die duiwel juis sy aanslag op die kinders om te verhoed dat hulle na Christus kom.

Die seën vanuit die koninkryk

Die genade van Christus is groot want die dissipels het nie die laaste woord gehad wanneer dit by die koninkryk van die hemel kom nie. Christus neem die dissipels kwalik, want hulle begryp nie waarmee hulle besig is nie. Christus neem hulle by Hom en lê sy hande op hulle, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Die kindertjies wat nog so afhanklik van hulle ouers is het ook dieselfde sekerheid dat hulle aan die Here behoort. Hy is ook hulle Here en hulle koning

Die roeping in die koninkryk

Wanneer Christus die kindertjies geseën het, moet die dissipels verstaan wat Hy aan hulle geleer het. In die koninkryk van die hemel is die een nie belangriker as die ander nie en die een is nie groter as die ander nie. die kinders is net so belangrik in die Here se koninkryk soos die groot mense. Met die bediening van die doop bevestig die Here aan ons dat sy kinders sy eiendom is, maar word ons ook geroep om hulle te onderrig en te laat onderrig in ons woorde en deur ons voorbeeld.